Die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans in die vierde kwartaal van 1983 het gepaard gegaan met 'n netto invloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie ten bedrae van R913 miljoen. Soos in die bygaande tabel getoon word, het hierdie invloeiing gevolg op 'n aansienlike netto uitvloeiing gedurende die eerste helfte van 1983 en slegs 'n klein netto invloeiing gedurende die derde kwartaal. Hierdie aansienlike verbetering was toe te skryf aan 'n voortgesette groot netto invloeiing van korttermynkapitaal, insluitende onaangetekende transaksies, en 'n omme-swaai in die beweging van langtermynkapitaal vanaf 'n aansienlike netto uitvloeiing in die derde kwartaal tot

Kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie

R miljoene

	1983				Jaar
	1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.	
Langtermynkapitaal					
Sentrale regering en banksektor	-130	416	57	-27	316
Openbare korporasies en plaaslike owerhede	181	25	142	456	804
Netto verkope deur buitelanders van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is	-477	-257	-284	-40	-1 058
Ander private sektor	74	133	-612	-95	-500
Totale langtermyn	-352	317	-697	294	-438
Korttermynkapitaal nie verwant aan reserwes nie, maar insluitende onaangetekende transaksies	-287	-982	787	619	137
Totale kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie	-639	-665	90	913	-301

Netto kapitaalbewegings



'n netto invloeiing in die vierde kwartaal. In 1983 in sy geheel was daar steeds 'n netto uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie ten bedrae van R301 miljoen.

Die invloeiing in die vierde kwartaal van korttermynkapitaal nie verwant aan reserwes nie, het hoofsaaklik verband gehou met die strammer toestand op die binnelandse geldmark. Verskeie faktore het tot die invloeiing van langtermynkapitaal bygedra. Ten eerste is 'n aansienlike verdere toename aangeteken in die buitelandse lenings deur openbare korporasies vir die finansiering van hul beleggingsprojekte. Ten tweede het die netto verkope deur buitelanders van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word, aansienlik afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van groter aankope van effekte deur nie-inwoners. Ten slotte het

die groot uitvloeiing van ander langtermynkapitaal vanaf die private sektor in die derde kwartaal, wat verband gehou het met die aankope van buitelandse belange in Suid-Afrikaanse ondernemings, in die vierde kwartaal tot 'n slegs matige bedrag afgeneem.

Die netto resultaat van die tekort op die lopende rekening en die invloeiing van kapitaal in die vierde kwartaal, was 'n geringe afname van R64 miljoen gedurende die vierde kwartaal in die totale netto buitelandse reserwes. Laste verwant aan reserwes het gedurende hierdie tydperk met R119 miljoen toegeneem. Gedurende die jaar 1983 het netto buitelandse reserwes slegs 'n klein afname van R26 miljoen getoon.

Wisselkoerse

Die effektiewe wisselkoers van die rand het gedurende die eerste nege maande van 1983 met 3,7 persent toegeneem, maar gedurende die vierde kwartaal skerp met 7,7 persent gedaal. Gedurende 1983 in sy geheel, het die rand derhalwe met gemiddeld 4,3 persent in terme van die ander geldeenhede gedepresieer, nadat dit met 13,3 persent gedurende 1981 en met 3,3 persent in 1982 gedepresieer het.


Die daling in die effektiewe wisselkoers van die rand is in Januarie 1984 voortgesit. Die volgehoue sterkte van die VSA-dollar teenoor ander geldeenhede en 'n gepaardgaande daling in die goudprys tot 'n vlak van ongeveer VSA \$370 per fyn ons, het hoofsaaklik tot die verswakking van die rand gedurende die vier maande tot Januarie 1984 bygedra. Gedurende Februarie, toe die goudprys tot 'n hoër vlak gestyg het, hoofsaaklik in reaksie op 'n verswakking van die dollar, het die rand met gemiddeld 2,2 persent teenoor die ander geldeenhede geappresieer. Per saldo het die effektiewe wisselkoers van die rand derhalwe gedurende die eerste twee maande van 1984 min of meer onveranderd gebly.

Soos in die bygaande tabel getoon word, het die rand in terme van die meeste van die vernaamste geldeenhede, uitgesonderd die VSA-dollar en die Japanse jen, gedurende die eerste nege maande van 1983 geappresieer. Daarna het dit egter gedurende die vierde kwartaal en Januarie 1984 skerp teenoor al die vernaamste geldeenhede gedepresieer. Gedurende Februarie het die rand verder gedepresieer teenoor die meeste Wes-Europese geldeenhede, maar in terme van die dollar en die Japanse jen geappresieer.

Veranderinge in die wisselkoers van die rand %

	Des 1982 tot Sept 1983	Sept 1983 tot Des 1983	Des 1982 tot Des 1983	Des 1983 tot Feb 1984
Effektiewe wisselkoers	3,7	-7,7	-4,3	-0,1
VSA-dollar	-2,6	-9,3	-11,6	1,1
Britse pond	5,8	-6,8	-1,5	-1,4
Duitse mark	8,0	-6,6	0,9	-3,1
Switserse frank	3,8	-7,2	-3,7	0,7
Japanse jen	-2,1	-10,9	-12,8	1,7
Franse frank	16,1	-5,9	9,2	-2,4

Effektiewe wisselkoers van die rand




Geld en krediet

Veranderings in geldhoeveelheid

Nieteenstaande die onbestendigheid van geldhoeveelheidsyfers soos op maandeindes, wat dikwels die ware onderliggende neigings verberg, dui die jongste inligting op 'n duidelike verlangsamings van die groei in die geldhoeveelheid. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die groei van die breed gedefinieerde geldhoeveelheid (M2) van 27 persent gedurende die eerste helfte van 1983 tot 20 persent gedurende die derde kwartaal verlangsaam en in werklikheid gedurende die vierde kwartaal negatief geword tot die omvang van 4 persent. Kort- en middeltermyn-terugkoop-ooreenkomste van die monetêre banke met die nie-bank- private sektor het gedurende die vierde kwartaal skerp met R611 miljoen gestyg, wat op 'n disintermediasie van krediettransaksies dui. Maar selfs as hierdie ooreenkomste by M2 ingesluit word, het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename gedurende die vierde kwartaal op slegs 4 persent te staan gekom. Die stadiger groei van die geldhoeveelheid het natuurlik, soos wat later in hierdie oorsig aangetoon sal word, in 'n betreklike skerp styging in rentekoerse tot uiting gekom. Gedurende 1983 in sy geheel het M2 met 16,5 persent gestyg, in vergelyking met 17,4 persent in 1982.


Ex-post gesien, het die daling in die seisoensaangesuiwerde M2 gedurende die vierde kwartaal aanmerk-

Veranderings in M2



like dalings in die netto buitelandse reserwes en in die netto bankkrediet aan die owerheidsektor weerspieël. Bankkrediet toegestaan aan die private sektor het aangehou styg, maar aansienlik stadiger as in die eerste nege maande van 1983. 'n Daling in die nie-bank-

Oorsake van veranderings in M2



private sektor se langtermyndeposito's by monetêre bankinstellings het ook gedurende die vierde kwartaal 'n uitbreidende invloed op M2 uitgeoefen. Hierdie daling het verband gehou met verwagte verdere stygings in langtermynkoerse.


Bankkrediet aan die private sektor

Bankkrediet aan die private sektor, wat die oorheersende statistiese "oorsaak" van die aanmerklike groei in die geldhoeveelheid gedurende die eerste drie kwartale van 1983 was, het in die vierde kwartaal van die jaar teen 'n aansienlike laer koers gestyg. Gedurende die eerste drie kwartale van 1983 het die seisoens-aangesuiwerde jaarkoers van toename in bankkrediet aan die private sektor 27 persent bedra, maar gedurende die laaste kwartaal het dit tot slegs 9 persent verlangsaam. Gedurende 1983 het hierdie groeikoers 19 persent bedra, vergeleke met 20 persent in 1982.

'n Ontleding van bankkrediet toegestaan aan die private sektor toon dat beide huurkoopkrediet (insluitende afbetalingskrediet aan maatskappye) en bruikhuurfinansiering gedurende die vierde kwartaal voortgegaan het om vinnig te styg. Terselfdertyd was daar 'n aansienlike verlangsaaming in die koers van toename in "ander" lenings en voorskotte.

Die afname in wissels verdiskonteer deur die handels-, aksep- en monetêre algemene banke was hoofsaaklik toe te skryf aan 'n verskuiwing van hierdie tipe van krediet na oortrokke bankrekenings as gevolg van die vernouing van die marge tussen die koste van aksepfinsiering en oortrekkingskoerse. Die gevolglike toename in "ander" lenings en voorskotte, hoofsaaklik bankoortrekkings, is nietemin deur 'n mate van disintermediasie teengewerk, soos weerspieël word in 'n toename van R787 miljoen in die monetêre bankinstellings se terugkoop-ooreenkomste met die nie-bankprivate sektor ten opsigte van sekuriteite wat eise teen die private sektor verteenwoordig. Die verhoging van 2 persent vanaf 1 Desember 1983 in die uitleenkoersplafonne, voorgeskryf kragtens die Wet op die Beperking en Bekendmaking van Finansieringskoste, het ook 'n sekere verskuiwing van bankoortrekkings na finansiering in die inter-maatskappymark teweeggebring.

Binnelandse kredietverlening



Finansiële markte

Reserwebankoptrede in die finansiële markte

Ten einde staatskuldbestuur te ondersteun, het die Reserwebank gedurende die vierde kwartaal van 1983 en Januarie 1984 volgehou om staatseffekte in die finansiële markte te verkoop. Netto verkope het R431 miljoen gedurende die vierde kwartaal en R50 miljoen gedurende Januarie bedra. Die meeste van die effekte wat op hierdie manier verkoop is, is op aanvraag van die Tesourie verkry. Gedurende 1983 in sy geheel het die Reserwebank se netto verkope van staatseffekte in die mark ongeveer R2 000 miljoen bedra.

Ander optrede van die Bank in die ope mark het eerstens bestaan uit die hernuwing van sommige van die uitstaande terugkooporeenkomste waarkragtens sekuriteite voorheen van bankinstellings aangekoop is. Nieteenstaande hierdie hernuwings, het die uitstaande bedrag van die terugkooporeenkomste van R1 200 miljoen aan die einde van September tot R750 miljoen aan die einde van 1983 afgeneem, maar het daarna weer tot R1 000 miljoen op 31 Januarie gestyg. Op 29 Februarie was die uitstaande bedrag effens laer, naamlik R950 miljoen. Tweedens het die Bank sy regstreekse aankope van likwiede bankaksepte voortgesit. Die uitstaande bedrag van hierdie sekuriteite wat deur die Bank gehou word, het van R114 miljoen aan die einde van September tot R147 miljoen op 28 Oktober toegeneem, maar daarna tot R53 miljoen aan die einde van Desember gedaal en het aan die einde van Februarie R93 miljoen bedra.

Aanvullend tot hierdie optrede, is NFK-fondse weer teen die einde van Oktober op aanvraag by die diskontohuise geplaas. Hierdie daggeldlenings het R147 miljoen aan die einde van Oktober, R156 miljoen aan die einde van Desember en R194 miljoen op 29 Februarie bedra. As 'n metode om korttermyn geldmarkskommelings uit te stryk, is die bedrag aan skatkiswissels wat by die weeklikse tender aangebied is vanaf ongeveer die middel van November tot die middel van Desember tydelik verhoog.


Die Reserwebank se skuldbestuur en opemerkoptrede het natuurlik ook die Bank se herfinansiering van sekuriteite vir die diskontohuise beïnvloed. Herfinansiering by wyse van herdiskonterings en oornaglenings het in die middel van Desember tot 'n merkbaar hoër vlak gestyg en op 15 Desember R1 302 miljoen bedra, vergeleke met R705 miljoen aan die einde van November en R753 miljoen aan die einde van Oktober. Daarna het die bedrag van herfinansiering op die hoër vlak gebly en op R1 532 miljoen aan die einde van Desember, R1 208 miljoen op 31 Januarie en R1 498 miljoen op 29 Februarie te staan gekom. Gepaardgaande met die toename in die herfinansiering deur die Bank is die praktyk om herdiskonteringskoerse aan verwante geldmarkkoerse te koppel, vanaf 12 Desember beëindig.

Sedertdien het die Bank volgens sy oordeel 'n stel herdiskonteringskoerse vasgestel vir die verskillende klasse sekuriteite wat vir diskontohuise en bankinstellings herfinansier word.

Korttermynrentekoerse

Nadat die styging in korttermynrentekoerse gedurende die laaste deel van Augustus en gedurende September ietwat verlangsamer het, het hulle vanaf die begin van Oktober 'n opwaartse verloop hervat. Die koers op bankaksepte van drie maande het byvoorbeeld van 15,50 persent aan die einde van September tot 18,10 persent op 30 Desember gestyg vergeleke met 14,25 persent aan die einde van 1982. Daarna het dit tot 'n hoogtepunt van 19,00 persent op 10 Januarie gestyg maar toe marginaal tot 18,15 persent op 9 Maart gedaal. Op soortgelyke wyse het die skatkiswissel-tenderkoers van 15,07 persent aan die einde van September tot 17,62 persent op 30 Desember gestyg. Aan die einde van 1982 het hierdie koers op 14,10 persent gestaan. Gedurende Januarie en Februarie 1984 het dit min of meer op die 1983-jaareindvlak gebly en op 27 Januarie 17,73 persent en op 9 Maart 17,74 persent beloop. Die prima-oortrekkingskoers van die handelsbanke is in drie stappe van 18 persent

Korttermynrentekoerse




aan die begin van die vierde kwartaal tot 20 persent aan die einde van die jaar verhoog en het weer sy vorige piek, wat in 1982 aangeteken is, bereik.


Kapitaalmarkbedrywigheid

Bedrywigheid in die kapitaalmark het in die vierde kwartaal verder afgeneem, nadat die mark sy veerkrachtigheid in die tweede kwartaal van 1983 begin verloor het. Die vlakke van omsette was in 1983 egter nog aansienlik hoër as in 1982. Die omset in vastere-draende effekte van die openbare sektor op die sekondêre mark het van R8 198 miljoen in die eerste kwartaal van 1983 tot R5 274 miljoen in die derde kwartaal en R4 172 miljoen in die vierde kwartaal gedaal. In 1983 is sy geheel het hierdie omset R22 624 miljoen beloop, vergeleke met R16 640 miljoen in 1982. Die omset op die aandele-mark het van R1 556 miljoen in die eerste kwartaal tot onderskeidelik R868 miljoen en R741 miljoen in die derde en vierde kwartaal afgeneem. Die totale aandele-omset van R4 194 miljoen in 1983 was nietemin aansienlik hoër as die R2 795 miljoen in 1982. Aandelepryse, wat van Desember 1982 tot Februarie 1983 met gemiddeld 12 persent gestyg het, het daarna tot September met slegs 4 persent toegeneem, voordat hulle tot Desember met 6 persent ge-

Transaksies in effekte en vaste eiendom



Aandelepryse



daal het. Daarná, gedurende die eerste twee maande van 1984, het aandelepryse weer met 5 persent gestyg. Die grootste deel van die toename het in Februarie voorgekom en het saamgeval met 'n opwaartse beweging van die goudprys.

In die verbandmark het die seisoensaangesuiwerde bedrag van nuwe verbandlenings wat deur die bouverenigings toegestaan is, van R1 548 miljoen in die eerste kwartaal tot R1 134 miljoen in die derde kwartaal en R893 miljoen in die vierde kwartaal gedaal. In totaal is lenings van R4 978 miljoen in 1983 toegestaan, teenoor R2 271 miljoen in 1982. Selfs in die veerkrachtige mark vir vaste eiendom het die seisoensaangesuiwerde waarde van transaksies in vaste eiendom, wat tot 'n rekordbedrag van R3 048 miljoen in die derde kwartaal gestyg het, tot R2 717 miljoen in

Veranderinge in die besit aan langertermynfondse by nie-kontraktuele spaarinstellings

R miljoen

	1982		1983*			
	Jaar	1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.	Jaar
Bankinstellings	434	239	271	-450	-488	-428
Bouverenigings	1 730	1 100	494	378	501	2473
Deelnemingsver-						
bandskemas	253	15	48	90	117	270
Staatspaarskemas ..	3	65	140	71	66	342
Totaal	2 420	1 419	953	89	196	2657

*Kwartaalike gegewens is seisoensaangesuiwerd.

die vierde kwartaal afgeneem. Die totale transaksies in vaste eiendom het van R6 961 miljoen in 1982 tot R10 770 miljoen in 1983 gestyg.

Die seisoensaangesuiwerde toename in die besit aan langertermynfondse by bouverenigings, bankinstellings, deelnemingsverbandskemas en staatspaarskemas, het van R1 419 miljoen in die eerste kwartaal tot slegs R196 miljoen in die vierde kwartaal verlangsaam. In 1983 in sy geheel het die toename in die besit aan langertermynfondse R2 657 miljoen bedra effens meer as die toename van R2 420 miljoen in 1982. Soos in die bygaande tabel getoon word, het die bouverenigings in 1983 die meeste welslae behaal met die verkryging van nuwe langertermynfondse.


Langtermynrentekoerse

Die verminderde beskikbaarheid van langertermynfondse het gepaard gegaan met 'n styging in deposito-

koerse. So byvoorbeeld, het die gekwoteerde koerse vir deposito's van twaalf maande by banke en bouverenigings van 14,0 persent in September tot 16,0 persent in Desember toegeneem, vergeleke met 14,5 persent aan die einde van 1982. In navolging van die verhoging in depositokoerse, is die bouverenigings se verbandkoerse vir wonings van 'n patroon van 15,0 – 17,5 persent tot 16,25 – 18,75 persent in Desember vir nuwe lenings, en vanaf Februarie 1984 vir bestaande lenings, verhoog. Aan die einde van 1982 was hierdie patroon 14,25 – 16,25 persent.

In die sekondêre effektemark het die opbrengskoers op langertermynstaatseffekte van 'n maandelikse gemiddelde van 11,31 persent in Desember 1982 tot 13,14 persent in September 1983 tot 13,64 persent in Desember en tot 13,80 persent in Februarie 1984 gestyg. Die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele het afgeneem van 6,5 persent in Desember 1982 tot 5,3 persent in September 1983. 'n Marginale toename tot 5,6 persent in Desember is egter gevolg deur 'n hernieude afname tot 5,4 persent in Februarie 1984.

Langtermynopbrengskoerse




Staatsfinansies

Skatkisuitreikings en -ontvangste

Uitreikings aan staatsdepartemente vanuit die Skatkisrekening* was in die eerste drie kwartale van die fiskale jaar 1983/84 14,2 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar. Hierdie koers van toename was aanmerklik hoër as die 10,3 persent wat in die Begroting vir die fiskale jaar in sy geheel voorsien is. Hierdie verskil het 'n aansienlike bedrag aan bykomende uitgawes op, onder andere, drøogtehelp, subsidies, die rente op staatskuld en verbeterde diensvoorwaardes vir staatsampnare weerspieël. Die Addisionele Begroting, wat op 28 Februarie 1984 by die Parlement ingedien is, maak voorsiening vir bykomende besteding van R1 145 miljoen gedurende die fiskale jaar 1983/84. Hierdie bykomende bedrag sal die oorspronklike be-

*Die Skatkisrekening is aangesuiwer vir veranderings in die saldo's op die Betaalmeestergeneraalrekening.


Skatkisrekening



grotingsraming van die toename in skatkisuitreikings tot 'n opmerklik hoër vlak opstoot.

Die skatkisontvangste was in die eerste drie kwartale van die fiskale jaar 1983/84 12,8 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1982/83. Die Begroting het voorsiening gemaak vir 'n toename van 9,6 persent vir die fiskale jaar in sy geheel. Hierdie hoër as verwagte koers van toename was hoofsaaklik toe te skryf aan groter inkomstebelasting- en mynuhuurontvangste vanaf goudmynmaatskappye. Uitgesonderd hierdie ontvangste, was die skatkisinkomste slegs 7,8 persent hoër as in die ooreenstemmende

Inkomste-invorderings — Staatsinkomstefonds



tydperk van 1982/83, terwyl 'n toename van 9,9 persent vir die volle fiskale jaar in die vooruitsig gestel is. In besonder het die koers van toename in inkomste-belasting vanaf nie-mynmaatskappye sowel as doeane- en aksynsreg nie ten volle aan die begrotingsverwagtings voldoen nie. Die koers van toename in persoonlike inkomstebelastingontvangste het egter die begrotingsraming oorskry.

Finansiering van die tekort voor lenings

Die tekort op die Skatkisrekening, voor lenings en skuldaflossing, het gedurende die eerste nege maande van 1983/84 R3 430 miljoen bedra. Hierdie bedrag het reeds die begrotingsraming van R2 082 miljoen vir die volle fiskale jaar oorskry. Met die doel om die omvang van die tekort te verminder, is die algemene verkoopbelasting met ingang 1 Februarie 1984 van 6 tot 7 persent verhoog.

Alhoewel die Tesourie nie te alle tye in die loop van die eerste drie kwartale van die fiskale jaar daarin kon slaag om die tekort sonder die gebruik van bankkrediet te finansier nie, is die tekort nogtans gedurende hierdie tydperk in sy geheel behoorlik deur middel van lenings buite die banksektor gefinansier. Dit het beteken dat aansienlik meer as wat tydens die Begroting voorsien is, by die nie-bank- private sektor geleen moes word. Netto nuwe uitgiftes van staatseffekte, uitgesonderd uitgiftes aan die Staatskuldkommissaris, het gedurende die eerste nege maande van 1983/84 R1 743 miljoen bedra, vergeleke met die begrotingsyfer van R930 miljoen vir die fiskale jaar in sy geheel. Die meeste van hierdie effekte is op aanvraag aan die Reserwebank uitgereik vir die herverkoop daarvan in die mark.

'n Sektorale indeling van die Tesourie se netto lenings gedurende die eerste nege maande van 1983/84 is soos volg:

	R miljoene
Staatskuldkommissaris	2 476
Nie-bank- private sektor	1 749
Monetêre banksektor	-914
Buitelandse sektor	119
Totaal	<u>3 430</u>

Begroting van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste vir 1984/85

In die Begroting van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste vir die boekjaar 1984/85, wat op 29 Februarie 1984 by die Parlement ingedien is, is die totale inkomste en bedryfsuitgawes op onderskeidelik R6 607 miljoen en R7 227 miljoen geraam. Dit het 'n tekort van R620 miljoen gelaat, wat gedeeltelik deur middel van 'n gemiddelde tariefverhoging van 9,4 persent met ingang 1 April 1984, gefinansier sal word. Daar is beraam dat die tariefverhogings bykomende inkomste van R514

miljoen sal oplewer, wat die tekort tot R106 miljoen sal verminder. Kapitaalluitgawes is geraam op R1 750 miljoen, feitlik dieselfde bedrag as in 1983/84.

Poskantoorbegroting

Die Poskantoorbegroting vir die finansiële jaar 1984/85, wat op 13 Maart 1984 aan die Parlement voorgelê is, het voorsiening gemaak vir bedryfsuitgawes van R2 385 miljoen en 'n bykomende bedrag van R218 miljoen vir, onder andere, leningsaflossings en die personeelbehuisingskema. Teen heersende tariewe is die inkomste vir 1984/85 op R2 267 miljoen geraam, wat 'n tekort van R335 miljoen gelaat het. Om hierdie tekort te help finansier, is tariefverhogings van gemiddeld 9 persent vanaf 1 April aangekondig. Na raming sal bykomende inkomste van R204 miljoen uit die hoër tariewe verkry word en sal die tekort op hierdie wyse tot R132 miljoen verminder word. Kapitaalluitgawes is op R1 276 miljoen geraam, of 25,7 persent hoër as in 1983/84.

Verklaring oor monetêre beleid

Uitgereik deur dr Gerhard de Kock, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

8 Desember 1983

In opvolging van die Eerste Minister se Anti-Inflasie-konferensie in Pretoria op 28 November 1983, het die Reserwebank gister samesprekings met senior verteenwoordigers van die verrekeningsbanke oor 'n aantal monetêre-beleidsake gevoer. Aandag is veral geskenk aan die implikasies vir bankkrediet, die geldvoorraad, rentekoerse en wisselkoerse van die volgehoue swakheid van die goudprys in onlangse maande, die groter tekort voor lenings in die Begroting as wat voorsien is, en die ophande synde regte-uitgifte van Sasol. Die laasgenoemde transaksie word verwag om 'n oordrag van ongeveer R900 miljoen van die private na die regeringsektor tot gevolg te hê.

Tensy omvattende kompenserende stappe deur die Reserwebank gedoen word, sal hierdie ontwikkelings waarskynlik opwaartse druk op rentekoerse uitoefen. Soos in die onlangse verlede sal die Reserwebank voortgaan om die opwaartse neiging van rentekoerse deur terugkoopvooreenkomste, regstreekse aankope van bankaksepte en ander vorms van sentralebank-akkommodasie te matig. Die Bank is egter nie bereid om dit onbeperk teen die rentekoerse wat nou geld te doen nie. Sodanige optrede sou inflasie in die hand werk en strydig wees met die huidige amptelike monetêre beleid om oormatige geldskepping te bekamp. In hierdie omstandighede mag stygings in korttermyn-rentekoerse, insluitende 'n verdere geringe styging in die prima-oortrekkingskoers, nodig en selfs wenslik wees om inflasie effektief te bekamp. Soos gewoonlik word die besluit om die prima-koers te verander al dan nie aan elke individuele bank oorgelaat.

Met die oog daarop dat uitleenkoerse waarskynlik gedurende die loop van 1984 sal neig om te daal, ag die Reserwebank dit egter nodig om alle bankinstellings en bouverenigings te maan om hulle nie in hierdie stadium te verbind om oormatig hoë vaste rentekoerse op middel- en langtermyndeposito's te betaal nie, aangesien hierdie praktyk dit vir hulle in die tydperk wat voortle moeilik kan maak om enige skerp daling in uitleenkoerse te hanteer.

Ná die samespreking met die verrekeningsbanke is ook besluit om, met onmiddellike inwerkingtreding, die minimum likwiedebateverhouding wat bankinstellings verplig word om teen hulle *korttermynverpligtings* teenoor die publiek te handhaaf van 40 na 30 persent te verlaag. Dit beteken dat alle *aanvullende* likwiedebatevereistes nou uitgefaseer is en dat bankinstellings verplig word om slegs die minimum *basiese* likwiedebatevereistes van 30, 20 en 5 persent teenoor onderskeidelik hulle kort-, middel- en langtermynverpligtings teenoor die publiek te handhaaf, soos in die Bankwet voorsien word. Die minimum kontant-reserwesaldovereistes bly onveranderd.

Die verdere verlagings van die likwiedebatevereistes verteenwoordig 'n voortsetting van die proses van implementering van die aanbevelings van die Kom-

missie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika. Hierdie stap is nie bedoel om bankkrediet en die geldvoorraad vinniger te laat styg nie en sal op sigself waarskynlik ook nie enige sodanige uitwerking hê nie. Deur egter die effektiewe koste van fondse vir die banke te verlaag en ongeveer R800 miljoen aan likwiede bates vry te stel vir gebruikmaking deur die banke om die druk op hulle kontantbronne te verlig, sal dit sowel die banke as die monetêre owerhede help om enige opwaartse druk op rentekoerse te matig.

Die juiste uitwerking wat dit op rentekoerse sal hê, sal natuurlik in 'n groot mate afhang van die Reserwebank se diskontobeleid en sy ope-marktransaksies, met insluiting van terugkoopvooreenkomste. En hierdie beleid sal op sy beurt steeds sterk beïnvloed word deur die doelstelling om, as 'n essensiële deel van die huidige amptelike anti-inflasionistiese strategie, die koers van toename van die geldvoorraad te verminder.

Verklaring oor die likwiedebatevereistes vir bankinstellings

Uitgereik deur dr Gerhard de Kock, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

14 Maart 1984

In my verklaring van 8 Desember 1983 is sekere aanpassings aangekondig in die likwiedebatevereistes vir bankinstellings as deel van die proses van die implementering van die aanbevelings van die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika. In opvolging van die stappe wat toe gedoen is, is daar nou besluit om die volgende verdere aanpassings in die likwiedebatevereistes vir bankinstellings aan te bring:

- (i) Die vereiste ten opsigte van die korttermynverpligtings teenoor die publiek van bankinstellings word soos vanaf datum van sertifisering van die maandstate (B W Vorm Nr 7) vir 29 Februarie 1984 van 30 na 25 persent verminder. 'n Bedrag van ongeveer R450 miljoen aan likwiedebates sal hierdeur vir bankinstellings vrygestel word; en
- (ii) Die vereiste dat bankinstellings 'n aanvullende kontantreserwe gelykstaande aan 2 persent van hulle middeltermynverpligtings teenoor die publiek by die Nasionale Finansiële Korporasie van Suid-Afrika moet hou, word vanaf 15 Maart 1984 teruggetrek en die totale likwiedebatevereiste ten opsigte van hulle middeltermynverpligtings word met hierdie 2 persent van 20 na 18 persent verminder. 'n Bedrag van R217,5 miljoen aan kontant word hierdeur vir die banke vrygestel.

Suid-Afrika se buitelandse laste en bates – Tabele S-74 tot S-77

Inligting oor Suid-Afrika se buitelandse laste en bates soos op 31 Desember 1982, tesame met vergelykbare syfers vanaf die einde van 1976, word in hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* gepubliseer. Hierdie syfers is gebaseer op inligting wat uit sensusse van buitelandse transaksies, laste en bates vir 1973 en 1980 verkry is en wat deur middel van steekproefopnames vir daaropvolgende jare bygewerk is.

Buitelandse laste

Suid-Afrika se buitelandse laste het in 1982 met bykans 23 persent tot R39,9 miljard aan die einde van die jaar toegeneem. Dit was die tweede jaar van baie vinnige groei in die land se buitelandse laste. In 1981 het dit met 27½ persent toegeneem, vergeleke met 'n gemiddelde jaarlikse koers van ongeveer 6 persent van 1976 tot 1980.

Die belangrikste bydraende faktor tot die vinnige styging in die totale laste, was 'n toename van 39 persent in buitelandse korttermynlaste, in besonder buitelandse handelsfinansiering wat deur die private sektor verkry is. Laasgenoemde is aangemoedig deur relatief laer buitelandse rentekoerse en verwagtings in die laaste deel van 1982 dat die rand teen ander geeldeen-hede sou appresieer. Hierdie verwagtings het Suid-Afrikaanse leners aangespoor om nie valutatermyndekking uit te neem nie, wat beteken het dat hulle die volle voordeel van die verskil tussen Suid-Afrikaanse en buitelandse rentekoerse sou kon benut. Die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans in 1982 het ook aanleiding gegee tot die aangaan van reserve-verwante buitelandse lenings om die land se besit aan buitelandse valuta aan te vul.

Suid-Afrika se buitelandse langtermynlaste het gedurende 1982 met 16½ persent toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van skerp toenames in buitelandse lenings deur die sentrale regering en openbare korporasies. Hierdie lenings is hoofsaaklik deur die Tesourie, die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese en sommige openbare korporasies in die buiteland aangegaan. Dit is grootliks vir die finansiering van groot kapitaalontwikkelingsprojekte aangewend, soos die Koeberg-kragentrale die olie-uit-steenkoolaanlegte en uitbreidings van die fasiliteite te Richardsbaai vir die uitvoer van steenkool.

Die buitelandse langtermynlaste van die private sektor het in 1982 met 10 persent toegeneem, wat aansienlik laer was as die groeikoerse in die voorafgaande twee jaar en het voortgespruit uit die algemene gedempte ekonomiese toestand. In besonder het die herbelegde verdienstes wat buitelanders toekom met net meer as 8 persent toegeneem, vergeleke met onderskeidelik 13½ en 30 persent in 1981 en 1980.

As gevolg van die groot leningsbehoefte van die openbare sektor en die daling in die koers van toename in herbelegde verdienstes, het regstreekse beleggings as persentasie van totale buitelandse laste in 1982

voortgegaan om te daal. Hierdie verhouding, wat van 41 persent aan die einde van 1977 tot net meer as 48 persent aan die einde van 1980 toegeneem het, het tot 46 persent aan die einde van 1981 en 43½ persent aan die einde van 1982 afgeneem. Ten spyte van die afname in die relatiewe belangrikheid van regstreekse beleggings, het dit in absolute terme van R14,9 miljard aan die einde van 1981 tot R17,4 miljard aan die einde van 1982 toegeneem.

'n Indeling van Suid-Afrika se buitelandse laste volgens die belangrikste geografiese gebiede, toon dat die persentasie-aandeel van die EEG-lande verder gedaal het van 55 persent aan die einde van 1981 tot 54 persent aan die einde van 1982. Hierdie lande as 'n groep bly steeds die grootste beleggers in Suid-Afrika. Gedurende dieselfde tydperk het die persentasie-aandeel van die Amerikas, Afrika en Oseanië nie veel verander nie, terwyl die aandeel van die res van Europa en in besonder internasionale organisasies aansienlik toegeneem het. Laasgenoemde toename was hoofsaaklik toe te skryf aan trekkings by die Internasionale Monetêre Fonds gedurende 1982.

Buitelandse bates

Die buitelandse bates van Suid-Afrika het gedurende 1982 met net meer as 14 persent tot R15,4 miljard aan die einde van die jaar toegeneem. Met uitsluiting van die goudreserwe, wat aansienlik skommel weens die gebruik om dit teen markverwante pryse te waardeer, het die buitelandse bates van Suid-Afrika gedurende 1982 met 17½ persent toegeneem, vergeleke met 21 persent in 1981 en 'n gemiddelde jaarlikse koers van ongeveer 15 persent van die einde van 1976 tot die einde van 1980.

Die toename in die buitelandse bates van Suid-Afrika gedurende 1982 was hoofsaaklik beperk tot stygings in die buitelandse bates van die private sektor, lang-sowel as korttermyn. 'n Aansienlike toename is veral in die private sektor se buitelandse bates in die vorm van aandeelpremies, reserwes en onverdeelde winste aangeteken. Die buitelandse bates, uitgesonderd die goudreserwes, van die sentrale regering en banksektor en van die openbare korporasies en plaaslike owerhede het met onderskeidelik 10½ en 7½ persent toegeneem.

Aangesien 'n aanmerklike deel van die toename in buitelandse bates bestaan het uit 'n groter aandeel van Suid-Afrikaanse inwoners in die onverdeelde verdienstes van buitelandse organisasies waarin hulle 'n effektiewe seggenskap het, het die regstreekse belegging van Suid-Afrika in ander lande aangehou om vinnig toe te neem. Gedurende die afgelopen drie jaar het hierdie beleggings teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 25 persent toegeneem. Gevolglik het regstreekse belegging as 'n persentasie van die totale buitelandse bates van 32 persent in 1979 tot 53 persent in 1982 gestyg.

In besonder het die onverdeelde verdienstes op Suid-Afrika se regstreekse belegging in die EEG-lande gedurende 1982 aansienlik toegeneem. Die buitelandse bates van Suid-Afrika in die EEG-lande as 'n verhouding van totale buitelandse bates het derhalwe van 28 persent aan die einde van 1981 tot 32 persent aan die einde van 1982 toegeneem. Hierdie toename het plaasgevind ten koste van die relatiewe belangrikheid van beleggings in ander Europese lande, lande in Noord- en Suid-Amerika en Asië. 'n Klein toename is in 1982 in die persentasie-aandeel van Afrika-lande in die totale buitelandse bates aangeteken.

Disintermediation and re-intermediation in South Africa

By W Brümmerhoff

Introduction

As in other countries with dynamic banking systems, South Africa has for a number of years experienced several innovations in banking practices and services to bank clients. Generally, these innovations have been induced by the increased sensitivity of more sophisticated investors to potential interest earnings losses arising from holding non-interest-bearing or low-yielding financial assets. In South Africa, however, innovations have also been related to legal restrictions on banking activities or statutory requirements for banking institutions as well as to interest rate rigidities and at times unrealistic interest rate margins. These innovations have been reflected in more frequent and larger shifts from one category of bank liability or financial asset to another and in irregular transfers of credit transactions to and from the banking system.

These developments have had major implications for the measurement and analysis of changes in monetary aggregates and credit intermediated by the banking system. Not only have they made it more difficult to define and measure meaningful monetary aggregates, but they have also resulted in large irregular short-term fluctuations in the measured monetary aggregates and credit extended by banks. Despite these statistical deficiencies, it remains important and useful to measure monetary aggregates and to use these data, together with all other relevant information, such as the velocity of circulation of the money supply, to analyse the liquidity of the private sector and the basic financial situation. Owing to the various problems referred to above, the monetary and credit aggregates have come to be regarded as broad indications of the liquidity of the private sector, rather than exact figures of the money supply and credit intermediated by the banking system.

Direct lending, disintermediation and re-intermediation

Monetary aggregates and credit intermediated by banks are affected most by the extent to which credit transactions are concluded outside the banking system. Basically, two broad forms of borrowing and lending outside the banking system may be distinguished. The first of these occurs when a person or company with surplus funds lends money directly to another party requiring funds. This type of credit transaction has always been part of everyday life and will continue to be present in future. In the case where companies are involved in this type of credit transaction, it is referred to as inter-company borrowing and lending. It occurs usually, but not exclusively, between companies in the same group or between companies well known to each other. This inter-company financing is useful to iron

out seasonal liquidity changes between companies. In the past, however, some companies became engaged in activities which *almost* resembled banking business. These activities are sometimes referred to as "grey market transactions". Naturally, financial conditions in this inter-company market are not isolated from those in the more formal markets, and changes in this market often spill over into the banking sector. This phenomenon will be discussed in more detail below. In addition to direct lending and borrowing, it may also happen that funds are raised from the public specifically for the purpose of re-lending to borrowers. This type of transaction, however, represents banking business, and if it is conducted by a person or institution which is not a registered bank, it is "black" and illegal and may lead to prosecution.

The first-mentioned type above of direct lending between entities other than banking institutions is called *non-intermediated* provision of credit. The second type of lending outside the banking system may be called *dis-intermediated* provision of credit. If credit is intermediated the banks act as intermediary between surplus units and deficit units or between so-called "primary" lenders and "ultimate" borrowers. *Disintermediation* and the *dis-intermediated* provision of credit occur when direct lending takes the place of credit that had previously been intermediated or, in otherwise unchanged conditions, would have been intermediated by the banks.

Disintermediation is sometimes also called "off-balance-sheet financing", but it is important to note that the actual financing is then no longer done by banks; it is done by whoever supplies the funds and acquires the claim on the "ultimate borrower". It is indeed "off-balance-sheet" to the banks, but not financing by the banks. Disintermediation, therefore, refers to borrowing and lending that are normally effected through banking institutions as intermediaries but which, for various reasons, such as the cost and/or availability of funds, are concluded outside the banking system with or without the assistance of banking institutions. Banks may support and assist this direct lending, *inter alia*, by issuing guarantees and indemnities or by acting as money brokers or agents. Banks can also facilitate direct lending and borrowing by endorsing various money market instruments. These transactions do not appear on the proper balance sheets of banking institutions but may cause contingent liabilities.

Another form of "disintermediation" concerns the actual transfer of credit transactions, which had previously been intermediated by banking institutions, from the balance sheets of these institutions. Such a transfer is done by means of sales of financial assets, often to the non-bank private sector, under repurchase

agreements of various maturities. These transactions have the effect of reducing simultaneously bank liabilities, as reflected in the different monetary aggregates, and credit intermediated by the banking system. This process of disintermediation is reversed at the time of expiry of the agreements, when credit transactions are "re-intermediated" into the banking system. Re-intermediation, of course, also occurs when credit transactions, which have originally been negotiated outside the banking system, revert to the banking system. Such a transfer is usually caused by changes in the general availability of funds, which affects the scope for lending outside the banking system, and changes in relative interest rates.

Impact of disintermediation and re-intermediation

Disintermediation in the form of sales of financial assets by banking institutions to the non-bank private sector under repurchase agreements, is reflected in a decline in the measured amount of credit extended by the banking system. At the same time, a corresponding decrease will occur in the non-bank private sector's deposits with the banking system and, therefore, in the measured monetary aggregates. Depending on their maturity, the repurchase agreements may serve more or less as close substitutes for money and may accordingly be regarded as part of the money supply. By the same token, the repurchase agreements may serve as a close substitute for bank credit. Viewed in this way, the measured monetary aggregates underestimate the amount of the money supply as defined, while the measured amount of bank credit underestimates actual bank lending. Likewise, the reverse process of re-intermediation will cause the measured monetary aggregates and bank credit extension to overestimate the money supply and credit changes as defined.

Changes in the amount of bankers' acceptances held by banking institutions and their contingent liabilities on account of rediscounted* bills are primarily determined, *inter alia*, by the movements in and the level of money market interest rates and their relation to overdraft and deposit rates. The amount of discounts reported can change as a result of disintermediation and re-intermediation, with consequent changes in the money supply. In analysing monetary aggregates, this disintermediation and re-intermediation should be taken into account.

*Generally speaking, rediscounting means the resale of a bill or the discounting of a bill for the second time. In the present context, rediscounted bills are bills which have been sold in the market after endorsement and which constitute a contingent liability for the selling bank. The discounting of bills is taking place when bills are converted into cash by the holder before the due date of the bills. This is normally done at a bank. The bank will charge a commission for the service and can keep the bill until its due date, or may resell the bill. Endorsement is a signature at the back of the bill before it is being sold. The endorsement normally makes the endorsee liable for payment in the case of default on the due date.

Disintermediation in the form of direct lending outside the banking system has the effect that changes in monetary aggregates, measured in terms of bank liabilities, are not representative of actual changes in monetary and financial conditions. Similarly, measured changes in credit intermediated by the banking system may not be representative of changes in prevailing credit activity in the financial system.

Monetary control in particular is complicated by the processes of disintermediation and re-intermediation. Not only is it more difficult to define and measure meaningful monetary aggregates, but it is equally difficult to interpret measured short-term changes in the chosen monetary aggregates. The presence of large irregular short-term fluctuations in monetary aggregates or alternating periods of underestimation or overestimation of monetary change will certainly complicate the setting of quantitative targets for money supply growth as part of a monetary strategy.

Causes of disintermediation and re-intermediation

An increase in disintermediation frequently arises from some form of interference with the banks' investment decisions or their determination of interest rates, which prevents them from optimally carrying out their functions as intermediaries. Such interference will normally result in an artificially enlarged gap between the banks' lending and borrowing or deposit rates. The banks' lending rates may be too high, and/or their deposit rates too low, relative to those indicated by the underlying credit demand-supply situation and relative to the rates applicable to direct lending or borrowing outside the banking system. Interference with bank activities essentially covers all direct and "semi-direct" policy measures. Indirect or "market-orientated" policy measures may also cause a rise in the relative or even absolute amount of non-intermediated credit, i.e. cause disintermediation. However, as long as such measures do not prevent the banks from optimising their behaviour, such disintermediation is not to be regarded as abnormal and will be free from the unfavourable effects on welfare and efficiency that are attached to artificially fostered disintermediation.

In the South African context, a number of direct restrictions on the banks' activities have recently been abolished, for example credit ceilings, deposit rate control and the link between Bank rate and the banks' prime overdraft rates. Some measures, however, have remained in force, such as the relatively high cash and liquid asset requirements* for banking institutions and the maximum lending rates in terms of the Limitation and Disclosure of Finance Charges Act.

*The liquid asset requirements have, however, been reduced to a considerable extent.

deur onder andere die bewegings in en die vlak van geldmarkrentekoerse en hulle verhouding tot deposito- en oortrekkingskoerse. Die bedrag aan diskontering wat gerapporteer word, kan verander as gevolg van disintermediasie en herintermediasie met gevolglike veranderings in die geldhoeveelheid. In die ontleding van die monetêre totale moet hierdie disintermediasie en herintermediasie in aanmerking geneem word.

Disintermediasie in die vorm van regstreekse lenings buite die bankstelsel het die uitwerking dat die veranderings in die monetêre totale, gemeet in terme van bankverpligtinge, nie verteenwoordigend is van die werklike veranderings in die monetêre en finansiële toestand nie. Net so mag die gemete veranderings in die kredietbemiddeling deur die bankstelsel ook nie verteenwoordigend wees van die heersende kredietbedrywigheid in die finansiële stelsel nie.

In die besonder word monetêre beheer bemoelijk deur die proses van disintermediasie en herintermediasie. Dit is nie slegs moeiliker om betekenisvolle monetêre totale te definieer en te meet nie, maar dit is net so moeilik om korttermynveranderings in die gekose monetêre totale te vertolk. Die aanwesigheid van groot onreëlmatige skommelings in die monetêre totale of afwisselende tydperke van onder- of oorskating van monetêre verandering sal sekerlik die daargestelling van kwantitatiewe mikpunte vir die groei in die geldhoeveelheid, as 'n deel van die monetêre strategie, bemoelijk.

Oorsake van disintermediasie en herintermediasie

'n Toename in disintermediasie ontstaan meesal uit die een of ander inmenging met die banke se beleggingsbesluite of hulle vasstelling van rentekoerse, wat hulle verhoed om hulle funksies as tussengangers optimaal uit te voer. So 'n inmenging sal normaalweg 'n kunsmatig vergrote gaping tussen die banke se uitleen en leen- of depositokoerse tot gevolg hê. Uitleenkoerse mag te hoog wees, en/of hulle depositokoerse te laag, in vergelyking met dié wat deur die onderliggende posisie ten opsigte van die vraag na en aanbod van krediet aangedui word, en in verhouding tot die koerse van toepassing op die regstreekse leen- en uitleenbedrywigheid buite die bankstelsel. Inmenging met bankbedrywigheid dek in hoofsaak alle regstreekse en half-regstreekse beleidsmaatreëls. Onregstreekse of "markverwante" beleidsmaatreëls kan ook 'n toename in die relatiewe of selfs die absolute bedrag van nie-bemiddelde krediet teweegbring, dit wil sê dit kan disintermediasie veroorsaak. Solank sodanige maatreëls egter nie banke verhoed om optimaal op te tree nie, behoort sodanige disintermediasie nie as abnormaal beskou te word nie, en sal vry wees van die ongunstige uitwerking op welvaart en doeltreffendheid wat aan kunsmatig bevorderde disintermediasie verbonde is.

In Suid-Afrikaanse verband is 'n aantal van die regstreekse beperkings op die banke se bedrywighede onlangs opgehef, soos byvoorbeeld die kredietplafonne, depositokoersbeheer en die band tussen die Bankkoers en die banke se prima-oortrekkingskoers. Sommige maatreëls het egter van krag gebly soos die betreklik hoë kontant- en likwiedebatevereistes* vir bankinstellings en die maksimum uitleenkoerse kragtens die Wet op Beperking en Bekendmaking van Finansieringskoste.

Bo en behalwe die dryfveer tot disintermediasie wat uit monetêre beleidsmaatreëls voortspruit, kan ontwikkelings en innovasies in bankpraktyke, sowel as ander finansiële en winsoorwegings, ook tot groter finansiering buite die balansstaat bydra.

Soos hierbo aangedui kan disintermediasie die uitwerking hê om gelyktydig die gemete bedrag van bankkrediet aan die private sektor (of owerheidsektor) en die gemete geldhoeveelheid te verminder. Hierdie uitwerking kan nie altyd ten volle gekwantifiseer word nie. Daar is egter kwantifiseerbare vorms van nie-bankgeïntermediateerde krediet soos terugkoop-ooreenkomste, wissels herdiskonteer en bankaksepte wat buite die bankstelsel gehou word, en verandering hierin kan as *prima facie* bewys dien dat disintermediasie of herintermediasie inderdaad plaasvind. Maar die kwantifisering van sulke verandering in nie-geïntermediateerde krediet beteken nie dat disintermediasie, of die presiese bydraes van die verskillende oorsake van die verskuiwing vanaf of na nie-geïntermediateerde krediet akkuraat bepaal kan word nie. Daarbenewens mag sommige van hierdie oorsake verband hou met beleidsmaatreëls, terwyl ander eenvoudig die normale bedrywighede van bankinstellings weerspieël. Sulke kwantifisering gee derhalwe ten beste slegs 'n aanduiding van die bedrag van disintermediasie. Dieselfde geld ten opsigte van die proses van herintermediasie.

Sekere vorms van disintermediasie en herintermediasie wat ook 'n verwingende uitwerking op die gemete krediet- en geldhoeveelheidsyfers het, kan glad nie gekwantifiseer word nie. Dit sluit in verandering in intermaatskappy leen- en uitleenbedrywighede, met inbegrip van transaksies waarby van die banke se aktiwiteite as agente en makelaars gebruik gemaak word. Daarbenewens verhoog die proses van die heen- en terugbeweging van fondse ook kunsmatig die gemete bedrae van die geldhoeveelheid en kredietverlening.

Kwantifiseerbare disintermediasie en herintermediasie

(a) Terugkoop-ooreenkomste

'n Terugkoop-ooreenkoms het betrekking op die verkoop van finansiële bates, gewoonlik effekte, met 'n

vaste onderneming deur die verkoper om dieselfde of soortgelyke effekte gewoonlik ná 'n vaste tydperk terug te koop teen 'n prys wat ten tye van die verkoops-transaksie bepaal word.

Die verkope van finansiële bates deur bankinstellings kragtens terugkoop-ooreenkomste is aanvanklik streng deur die Registrateur van Banke beheer. In omsendbrief RB 125, wat in Desember 1973 uitgereik is, het die Registrateur die verkoop van 'n bate deur 'n bank met 'n ooreenkoms dat die bank op 'n toekomstige datum die bate sal terugkoop, as 'n ongewenste bankpraktyk verklaar. Sedert Julie 1978 word hierdie transaksies nie meer as 'n ongewenste praktyk beskou nie, maar die banke moes tot Junie 1979 enige fondse wat kragtens so 'n terugkoop-ooreenkoms ontvang word, as 'n deposito toon en die betrokke kapitaal- en reserwevereistes van toepassing op 'n gewone deposito, nakom. In omsendbrief RB 160, uitgereik in Julie 1979, is die praktyk om terugkoop-ooreenkomste aan te gaan formeel erken as 'n normale bankpraktyk, onderhewig aan die voorbehoud dat die verkoop van fiktiewe bates of die verkoop van bates wat deur gesimuleerde transaksies geskep is, as 'n ongewenste bankpraktyk beskou word. Bankinstellings is ook verbied om, as gevolg van terugkoop-ooreenkomste, 'n tekort aan likwiede bates te verkry of 'n groter tekort te laat oploop as dié wat onmiddellik voor die verkoop van die bates bestaan het.

Die stelsel van terugkoop-ooreenkomste het oorspronklik ontwikkel uit die behoefte aan 'n meganisme waardeur 'n beter balans tussen die vraag na en aanbod van sekuriteite met verskillende looptye in die finansiële markte verkry kon word. Voor September 1980 kon terugkoop-ooreenkomste deur die bankinstellings gebruik word om die toenmalige kredietplafonne te vermy, asook om die bedrag van die vereiste likwiede bates te verminder deur hulle korttermynverpligtings oor maandeindes te verminder. Die plafonne op bankkrediet is egter in September 1980 afgeskaf en vanaf daardie datum is die likwiedebatevereistes sover moontlik gebaseer op maandelikse gemiddelde van korttermyn verpligtings in plaas van maandeindesyfers. Terugkoop-ooreenkomste kon ook gebruik word om depositokoersbeheer, wat aan die einde van Maart 1980 afgeskaf is, te omseil. Die aansporing om terugkoop-ooreenkomste aan te gaan as 'n metode om wetlike vereistes te ontduik, het derhalwe na September 1980 min of meer verdwyn. Diskontohuise kan egter nog steeds terugkoop-ooreenkomste gebruik as 'n manier om aan hulle voorgeskrewe minimum en maksimum bateverhoudings te voldoen. Tans word terugkoop-ooreenkomste meesal op sakeoorwegings gebaseer en word hulle gebruik met die doel om voordeel te trek uit verandering in rentekoersverskille en om die beweeglikheid van fondse in die finansiële markte te bevorder. Daarbenewens het die Reserwebank vanaf Junie 1983 begin om terugkoop-ooreenkomste op 'n gereelde basis as een van sy instrumente van kortter-

*Die likwiedebatevereistes is egter reeds in 'n aansienlike mate verlaag.

mynakkommodasie aan die bankstelsel te gebruik.

Die gemete geldhoeveelheid en die gemete bedrag van bankkredietverlening word verminder wanneer finansiële instrumente soos effekte, wissels, promesses, bankaksepte, ens., kragtens terugkoop-ooreenkomste deur bankinstellings aan die private sektor verkoop word. Baie van hierdie ooreenkomste het egter kort looptye en is derhalwe naby plaasvervangers vir geld. Die beteken dat korttermyn terugkoop-ooreenkomste in aanmerking geneem moet word wanneer die private sektor se likwiditeit deur middel van die monetêre totale gemeet word. In terme van die huidige definisies, moet terugkoop-ooreenkomste in die vorm van "oornagse terugkope" en "deurlopende kontrakte" derhalwe by die gemete eng geldhoeveelheid (M1) getel word. Net so moet terugkoop-ooreenkomste met looptye van meer as een dag, maar nie meer as ses maande nie, by die breë geldhoeveelheid (M2) getel word. Aan die batekant van die banke se balansstate moet terugkoop-ooreenkomste wat betrekking het op verkope van sekuriteite van die private sektor, bygetel word by die bedrag van die banke se krediet aan die private sektor. Hierdie berekenings word deur die Reserwebank gedoen en vir ontledingsdoeleindes gebruik.

Effekte van buite die private sektor wat in terugkoop-ooreenkomste gebruik word, sluit bank-, buitelandse- en regeringseffekte in. 'n Indeling hiervan is op hierdie stadium nie beskikbaar nie, maar die grootste deel daarvan bestaan waarskynlik uit staatspapier

en behoort in werklikheid getel te word by die gemete bedrag van bankkrediet aan die regeringsektor.

Gegewens met betrekking tot terugkoop-ooreenkomste word slegs sedert Januarie 1980 deur die Reserwebank ingesamel en word in tabel 1 verstrekk. 'n Toename wat in terugkoop-ooreenkomste deur die bankinstellings gerapporteer word, is *prima facie* bewys van disintermediasie en sal die bedrag van M1, M2 en bankkrediet verminder, soos hierbo aangedui is. Indien die gerapporteerde bedrag van terugkoop-ooreenkomste afneem, dui hierdie ontwikkeling op 'n proses van herintermediasie, dit wil sê, die her-opname van transaksies in die balansstate van bankinstellings. Die gemete bedrag van M1, M2 en bankkrediet sal in hierdie geval kunsmatig verhoog word, dit wil sê na die normale terugkeer, afhangende van die soort terugkoop-ooreenkoms wat daarby betrokke is.

Gedurende die tydperk van Januarie 1980 tot Augustus 1981 was daar 'n gelykmatige toename in die onderskeie klasse van terugkoop-ooreenkomste wat die monetêre totale beïnvloed het en wat 'n vorm van disintermediasie verteenwoordig het. Gedurende die tydperk het M2 met 48 persent toegeneem, maar indien die toename in die betrokke terugkoop-ooreenkomste van die monetêre banksektor met die nie-bank-private sektor in berekening gebring word, sou die groei koers van M2 55 persent bedra het. Die ooreenstemmende koerse van toename in die eise teen die private sektor was onderskeidelik 63 persent en 65 persent. Vanaf September 1981 het die bedrag van

Tabel 1. **Terugkoop-ooreenkomste aangegaan deur monetêre bankinstellings¹, 1980-1983.**
R miljoene

Einde van	Met nie-bank- private sektor					Met ander partye	Groot-totaal	Eise teen die nie-bank-private sektor
	Oornag	2 dae – 6 maande	Sub-totaal	Meer as 6 maande (langtermyn)	Totaal			
1980: Maart	564	669	1 233	31	1 264	499	1 763	1 008
Junie	650	621	1 271	57	1 328	297	1 625	971
September ..	571	558	1 129	31	1 160	366	1 526	767
Desember ...	1 040	770	1 810	—	1 810	326	2 136	1 078
1981: Maart	921	673	1 594	7	1 601	957	2 558	1 136
Junie	855	674	1 529	2	1 531	731	2 262	900
September ..	499	985	1 484	73	1 557	811	2 368	863
Desember ...	308	1 315	1 623	104	1 727	595	2 322	901
1982: Maart	319	1 087	1 406	60	1 466	932	2 398	914
Junie	252	1 041	1 293	62	1 355	936	2 291	825
September ..	406	1 060	1 466	15	1 481	429	1 910	924
Desember ...	373	1 045	1 418	64	1 482	874	2 356	1 156
1983: Maart	401	1 142	1 543	62	1 605	1 507	3 112	1 272
Junie	569	860	1 429	40	1 469	1 333	2 802	1 361
September ..	249	933	1 182	3	1 185	1 552	2 737	1 032
Desember ...	601	1 192	1 793	64	1 857	1 874	3 731	1 818

1 Handelsbanke, aksepanke, monetêre algemene banke en diskontohuise.

die gerapporteerde terugkoop-ooreenkomste met die nie-bank- private sektor op 'n betreklik hoë vlak geskommel en het uiteenlopende invloede op die groei-koerse van die gemete geldhoeveelheid gedurende sekere tydperke uitgeoefen. Gedurende 1982 en 1983 het M2 met 37 persent gestyg, maar as die betrokke terugkoop-ooreenkomste in aanmerking geneem word, het die groei-koers 35 persent bedra. Ooreenkomste met ander partye, waarskynlik meesal ander bank-instellings, het tot die middel van 1983 op 'n betreklik lae vlak gebly en daarna vinnig toegeneem. Hierdie styging het verband gehou met die groter gebruik van terugkoop-ooreenkomste deur die Reserwebank, as 'n wyse om tydelik hulp aan die geldmark te verleen. Terugkoop-ooreenkomste met betrekking tot papier wat eise teen die private sektor verteenwoordig, het teen die einde van 1983 na aansienlik hoër vlakke beweeg. Die groei-koers in hierdie eise gedurende 1983 het 19 persent bedra, maar as die ooreenstemmende terugkoop-ooreenkomste ingesluit word, het die koers van toename 21 persent bedra.

Ten slotte is dit duidelik dat terugkoop-ooreenkomste veranderings in die monetêre totale aansienlik kan beïnvloed en dat die ooreenkomste derhalwe in berekening gebring behoort te word in enige ontleding van hierdie totale.

(b) Wissels herdiskonteer

'n Tweede wyse waarop bates na en van die balansstate van bankinstellings kan beweeg, is as gevolg van veranderings in die bedrag aan wissels herdiskonteer deur die banke. Hierdie pos weerspieël verskeie geldmarkinstrumente, soos wissels, promesses, bankaksepte, ens., wat, nadat hulle deur die bankinstellings geëndosseer is in die finansiële markte verkoop word. Dit is 'n normale sakepraktyk vir banke om met hierdie instrumente handel te dryf, ook by wyse van diskonterings voor die vervaldatum. Maar slegs sodanige papier wat deur banke geëndosseer is en voor vervaldatum op hierdie mark verkoop is, word by hierdie pos ingesluit en dit verteenwoordig 'n voorwaardelike verpligting vir die betrokke banke. Voordat hulle verkoop is, verskyn die sekuriteite op die banke se balansstate as diskonterings, en indien hulle terugkoop sou word keer hulle tot dieselfde pos op die balansstaat terug.

Gegewens oor hierdie voorwaardelike verpligtings word slegs kwartaalliks gerapporteer deur banke op amptelike opgawes verstrek aan die Registrateur van Banke en die Reserwebank. Inligting verstrek gedurende die tydperk sedert 1979 word in tabel 2 getoon.

Veranderings in die totale bedrag van herdiskonteerde wissels wat deur bankinstellings gerapporteer word, word onder andere veroorsaak deur leners se gebruik van wissels eerder as oortrekkingsfasiliteite in die finansiering van behoeftes, sowel as deur die nie-bankbeleggers teenoor die banke se gewilligheid of

Tabel 2. Banke¹ se voorwaardelike verpligtings op grond van herdiskonteerde wissels, soos op kwartaal-eindes

R miljoene

	Maart	Junie	Sept	Des
1979	154	214	269	385
1980	899	1 489	1 338	1 612
1981	1 283	1 213	1 144	774
1982	623	858	832	828
1983	993	1 172	689	1 059

¹ Handelsbanke, aksepbanke en monetêre algemene banke.

onwilligheid om die wissels te hou. By hierdie besluite is rentekoerse, en verskille tussen geldmarkrentekoerse en die prima oortrekkingskoerse van deurslaggewende belang.

Uit die veranderings in die totale bedrag wat onder hierdie pos gerapporteer word, kan 'n aanduiding van die omvang van hierdie vorm van disintermediasie of herintermediasie verkry word. As die totale bedrag gerapporteer toeneem weens die verkoop van wissels deur die banke, dit wil sê as meer van die bank-geëndosseerde wissels, skuldbriewe, ens. buite die banksektor deur nie-bankpartye gehou word, is daar 'n oordrag van bates vanaf die balansstate van banke. Dit verteenwoordig 'n vorm van disintermediasie. Omgekeerd, as die bedrag van herdiskonteerde wissels wat deur bankinstellings gerapporteer word, daal, kom herintermediasie voor omdat meer van die papier deur bankinstellings op hul balansstate gehou sal word in die vorm van diskonterings. Daar moet egter op gelet word dat hierdie veranderings, soos hierbo aangedui, slegs verwys na papier wat deur bankinstellings geëndosseer is. Die bedrae betrokke by die beweging van sekuriteite na en van die balansstate van bankinstellings sonder endossering deur die banke, kan nie bepaal word uit die huidige opgawes wat deur die banke verstrek word nie. Sulke bewegings van nie-geëndosseerde papier sal ook die gemete bedrag van bankkrediet verwing, maar die omvang van die verwinging is onbekend. Hoogstens kan die gevolgtrekking gemaak word dat die rigting van die verwinging dieselfde sal wees as dié wat met die aankope en verkope van geëndosseerde papier verband hou.

Tabel 2 toon dat daar gedurende 1980 'n groot toename van R1 227 miljoen in totale herdiskonteerde wissels aangeteken is. Hierdie aansienlike disintermediasie was waarskynlik toe te skryf aan, onder andere, die kredietplafonne wat tot Augustus 1980 gegeld het.

Gedurende die tydperk van Desember 1980 tot Maart 1982 is 'n afname van R989 miljoen in hierdie pos aangeteken. Hierdie proses van herintermediasie het bygedra tot die groot toename in kredietverlening aan die private sektor gedurende hierdie tydperk. Gedurende die laaste drie kwartale van 1982 is 'n matige disinter-

mediasie van R205 miljoen aangeteken, gevolg deur verdere disintermediasie van R231 miljoen gedurende 1983. Hierdie proses mag tot die afplating in diskonteringe gedurende onlangse kwartale bygedra het. Dit moet egter beklemtoon word dat, soos hierbo aangedui is, nie alle toenames in nie-banke se besit aan wissels as disintermediasie beskou kan word nie, maar dat dit nogtans dien as 'n ruwe raming van die omvang van hierdie klas van disintermediasie.

Soos hierbo gemeld, is herdiskonteerde wissels voorwaardelike verpligtings vir die banke en kan dit tot werklike verpligtings wat die gewone kredietrisiko's dra, omskep word. Om hierdie rede en ten einde die vereistes oor 'n breër basis te versprei, is kapitaal- en likwiedebatevereistes vanaf Desember 1981 ten opsigte van herdiskonteerde wissels ingestel. Sedert daardie datum het die vereistes onveranderd gebly en behels hulle 'n 5 persent likwiedebate- en 'n 4 persent kapitaalvereiste.

(c) Bankaksepte

Bankinstellings hou nie alle uitstaande bankaksepte, dit wil sê benutte aksepfasiliteite, self nie. Weens aankope en verkope deur bankinstellings word 'n wisselende hoeveelheid van hierdie aksepte buite die bankstelsel deur die nie-bank- private sektor gehou. Veranderinge in die bedrag aan bankaksepte wat deur banke gehou word, verteenwoordig 'n ander vorm van disintermediasie of herintermediasie.

Die oordrag van bankaksepte van en na die balansstate van bankinstellings word deur verskeie faktore beïnvloed. *Eerstens* speel die effektiewe koste van bankaksepfinsiering in verhouding tot die banke se prima- en ander oortrekkingskoerse 'n belangrike rol in besluite of daar van oortrekkingsfasiliteite of van aksepkrediet gebruik gemaak sal word. Groot kliënte van banke, soos maatskappye, verkies dikwels 'n sogenaamde "kredietpakket", wat oortrokke-, aksepen moontlik ook waarborgfasiliteite insluit. Hierdie leners sal dus, afhangende van veranderinge in die relatiewe koste, tussen verskillende klasse van krediet beweeg.

Die effektiewe koste van aksepkrediet word bereken deur sekere koste by die betrokke diskontokoers op bankaksepte te tel. Hierdie koste bestaan eerstens uit kommissie, wat tans tussen 0,5 persent en 1,0 persent per jaar bedra, en tweedens, uit die prys van inkomsteseëls wat 0,2 persent van die hoofsom per jaar bedra.

Verder moet daarop gewys word dat die koers op bankaksepte op 'n diskontobasis bereken word. Vir doeleindes van vergelyking met die effektiewe prima-oortrekkingskoers is dit egter nodig om die diskontokoers na 'n effektiewe jaarlikse koers om te skakel deur van bekende wiskundige formules gebruik te maak.

Die effektiewe primakoers kan ook met behulp van 'n wiskundige formule bereken word, ten einde 'n vergelyking met die effektiewe koste van aksepkrediet te vergemaklik. Gegewens ten opsigte van die effektiewe prima-oortrekkingskoers en die effektiewe koste van aksepfinsiering word in tabel 3 getoon. Die effektiewe koste sluit kommissie en inkomsteseëls, sowel as die effek van die omskakeling vanaf 'n basiese diskontokoers na 'n effektiewe jaarlikse koers, in.

Dit is die marge tussen die effektiewe koste van aksepkrediet en die banke se effektiewe prima-oortrekkingskoers wat belangrik is by die bepaling van leners se voorkeur vir hierdie twee vorme van krediet.

'n *Tweede* faktor wat die bedrag bepaal van bankaksepte wat bankinstellings bereid is om te hou, is die banke se begeerte en vermoë om aksepte te gebruik om aan hul likwiedebatevereistes te voldoen.

Telkens wanneer die effektiewe koste van aksepfinsiering laag is, in verhouding tot oortrekkingskoerse, sal leners neig om meer van aksepkrediet gebruik te maak eerder as van oortrekkingsfasiliteite. Die bedrag aan bankaksepte wat langs hierdie weg geskep word, sal in 'n groter mate deur beleggers in die private nie-banksektor gehou word indien hul relatiewe koerse gunstig vergelyk met die ooreenstemmende depositokoerse. Vir groot en korporatiewe beleggers was dit gedurende 1979 en die grootste deel

Tabel 3. Beraamde effektiewe koste van aksepfinsiering en die effektiewe prima-oortrekkingskoers van verrekeningsbanke, 1979-1983.

	Aksepfinsiering (%)	Prima-oortrekkingskoers (%)	Verskil
1979: Maart	9,15	10,47	+1,32
Junie	8,13	10,47	+2,34
Sept	6,65	9,92	+3,27
Des	6,25	9,92	+3,67
1980: Maart	6,59	9,92	+3,33
Junie	6,97	9,92	+2,95
Sept	6,66	9,92	+3,26
Des	8,85	9,92	+1,07
1981: Maart	11,83	12,13	+0,30
Junie	16,34	14,93	-1,41
Sept	16,64	17,23	+0,59
Des	18,08	18,39	+0,31
1982: Maart	22,39	21,94	-0,45
Junie	20,42	21,94	+1,52
Sept	20,90	21,94	+1,04
Des	17,82	19,56	+1,74
1983: Maart	12,43	14,93	+2,50
Junie	15,28	17,23	+1,95
Sept	18,61	19,56	+0,95
Des	21,38	21,94	+0,56

van 1980 meesal die geval, 'n Relatief groter deel van uitstaande bankaksepte is derhalwe deur die nie-bank-private sektor gehou en minder as bankdeposito's. Dit het 'n vorm van disintermediasie, wat gedurende hierdie tydperk voorgekom het, verteenwoordig. As die effektiewe koste van bankaksepte toeneem tot 'n vlak wat naby aan oortrekkingskoerse kom of dit oortref, sal leners eerder oortrekkingsfasiliteite gebruik, en die uitstaande bedrag van bankaksepte sal neig om te daal. Afhangende van die marge tussen die ooreenstemmende deposito- en geldmarkkoerse, sal die vraag van beleggers na bankaksepte afneem en 'n kleiner deel van uitstaande papier sal deur die nie-bank-private sektor gehou word. Dit sal in kleiner verkope van bankaksepte deur die banke en in 'n relatief groter besit in hulle eie portefeuljes weerspieël word. Herintermediasie in hierdie vorm het teen die einde van 1980, gedurende die grootste deel van 1981 en vroeg in 1982 voorgekom. Gedurende sommige tydperke, soos byvoorbeeld die tweede helfte van 1981, was die twee koerse redelik in ewewig, met die gevolg dat disintermediasie en herintermediasie van aksepte as gevolg van rentekoersverskille feitlik afwesig was.

'n Alternatiewe aanwyser van disintermediasie en herintermediasie van krediet in die vorm van bankaksepte, is die verhouding van die banke se besit aan bankaksepte tot die totale benutte aksepfasiliteite. Hierdie verhouding was gedurende 1979 en die vroeë deel van 1980 abnormaal laag, wat grootskaalse disintermediasie weerspieël het. Die verhouding het egter van 'n laagtepunt van 5,5 persent in Mei 1980 tot 34,2 persent aan die einde van die jaar gestyg, wat dui op 'n sterk proses van herintermediasie. Die afskaffing van kredietplafonne vanaf 1 September 1980, het hierdie herintermediasie waarskynlik aangemoedig. Die verhouding het vervolgens matige skommelings getoon, maar het oor die algemeen op die hoër vlak waarheen dit aan die einde van 1980 gestyg het, gebly. In tabel 4 word hierdie verhouding vir die tydperk vanaf 1979 getoon. Vanaf vroeg in 1983 het die posisie ietwat verander. Die effektiewe koers op bankaksepte het begin om te styg tot vlakke wat by tye nie net in die omgewing van die effektiewe prima-oortrekkingskoers was nie, maar ook van ander geldmarkpapier soos verhandelbare depositosertifikate. Alhoewel die totale bedrag aan aksepfasiliteite benut gedurende 1983 afgeneem het, het private nie-bankbeleggers meer aksepte in hulle portefeuljes gehou, in ooreenstemming met die gunstige opbrengskoerse. Dit het gelei tot 'n kleiner besit aan bankaksepte deur bankinstellings, met ander woorde tot disintermediasie. Daarbenewens het die vraag na bankaksepte deur bankinstellings ook afgeneem op grond van verskeie verlagings in die likwiedebatevereistes gedurende 1983. Die banke se besit aan bankaksepte in verhouding tot die totale benutte aksepfasiliteite het skerp gedaal van 48,9 persent in Februarie 1983 tot slegs 13,4 persent in Desember 1983.

Tabel 4. Aksepfasiliteite benut en banke¹ se besit aan bankaksepte, 1979-1983

R miljoene

	Totale aksepfasiliteite benut ² (1)	Banke se besit aan bankaksepte (2)	(2) as persentasie van (1)
1979: Maart	1 379	122	8,9
Junie	1 470	169	11,5
Sept	1 640	217	13,2
Des	1 912	285	14,9
1980: Maart	2 171	200	9,2
Junie	2 079	176	8,5
Sept	2 021	592	29,3
Des	1 958	670	34,2
1981: Maart	2 099	748	35,6
Junie	2 095	951	45,4
Sept	1 828	628	34,4
Des	1 649	705	42,8
1982: Maart	1 851	842	45,5
Junie	2 542	1 026	40,4
Sept	2 637	1 023	38,8
Des	2 838	1 105	38,9
1983: Maart	3 548	1 449	40,8
Junie	2 979	1 147	38,5
Sept	2 600	530	20,4
Des	2 224	299	13,4

1. Handelsbanke, aksepbanke en monetêre algemene banke.

2. Insluitende besit aan eie aksepte

(d) Opsomming

Soos aangetoon, kan die drie tipes van disintermediasie en herintermediasie wat hierbo bespreek is rofweg gekwantifiseer word. Die laasgenoemde twee soorte het 'n invloed op die gemete bedrag van kredietverleening aan die private sektor by wyse van diskonteringe en gevolglik ook op die geldhoeveelheid. Soos hierbo uiteengesit, het terugkoopoooreenkomste 'n regstreekse invloed op die geldhoeveelheid en op krediet aan die private en regeringsektore.

'n Opsomming van die onderskeie bedrae betrokke in die disintermediasie en herintermediasie van krediet aan die private sektor verleen, word in tabel 5 gegee. Daar moet egter op gelet word dat hierdie drie vorms van disintermediasie en herintermediasie onafhanklik en in uiteenlopende rigtings mag verander aangesien hulle in 'n sekere mate deur duidelik verskillende faktore beïnvloed mag word. Veranderinge kom ook voor as gevolg van normale sake-oorewegings, groei in die ekonomie, veranderde vraagtoestande, ens. Die inligting wat in tabelle 1 tot 6 verstrekkend word, is bereken uit opgawes wat deur bankinstellings aan die Reserwebank gemaak is. Hierdie syfers moet egter met omsigtigheid vertolk word omdat verskillende berekenings- en waardasiemetodes moontlik deur die onderskeie bankinstellings gevolg is. Die same-

Tabel 5. Aanduiding van herintermediasie (+) of disintermediasie (-) met betrekking tot eise teen die private sektor van monetêre bankinstellings
R miljoene

	Terugkoop-ooreenkomste ¹	Herdiskon-teerde wissels ²	Bankakseptes ³	Totaal
1980: 1e kw	-286 ^d	-514	-85	-885
2e kw	37	-590	-24	-577
3e kw	204	151	416	771
4e kw	-311	-274	78	-507
1981: 1e kw	-58	329	78	349
2e kw	236	70	203	509
3e kw	37	69	-323	-217
4e kw	-38	370	77	409
1982: 1e kw	-13	151	137	275
2e kw	89	-235	184	38
3e kw	-99	26	-3	-76
4e kw	-232	4	82	-146
1983: 1e kw	-116	-165	344	63
2e kw	-89	-179	-302	-570
3e kw	329	483	-617	195
4e kw	-786	-370	-231	-1 387

- 1 Veranderings in die uitstaande bedrag van terugkoop-ooreenkomste deur monetêre bankinstellings aangegaan ten opsigte van instrumente wat eise teen die private sektor uitmaak. Afname verteenwoordig herintermediasie.
- 2 Veranderings in voorwaardelike verpligtings op grond van herdiskon-teerde wissels. Afname verteenwoordig herintermediasie.
- 3 Veranderings in bankinstellings se besit aan bankakseptes. Afname verteenwoordig disintermediasie.
- 4 Veranderings slegs gedurende Februarie en Maart 1980.

vattende syfers voorsien nietemin 'n breë aanduiding van die disintermediasie of herintermediasie wat in die loop van die tydperk wat deur die beskikbare inligting gedek word, voorgekom het.

Soos hierbo gemeld, het terugkoop-ooreenkomste 'n regstreekste invloed op veranderings in die geldhoeveelheid. Die bygaande tabel 6, wat 'n samevatting gee van die gegewens wat in tabel 1 verstrekk is, toon dat die invloed van terugkoop-ooreenkomste op die groei-koerse van die monetêre totale besonder sterk was in 1980 en 1981, maar hierdie invloed het gedurende hierdie twee jare in teenoorgestelde rigtings beweeg. M2 het gedurende 1980 met 27 persent toegeneem, maar as veranderings in terugkoop-ooreenkomste in berekening gebring word, het die groei-koerse 35 persent bedra. In 1981 het die ooreenstemmende groei-koerse onderskeidelik 25 persent en 22 persent bedra. In die geval van M1 was die invloed van die terugkoop-ooreenkomste selfs nog groter. Die koerse van toename in 1980 en 1981 het onderskeidelik 36 persent en 34 persent bedra, maar as veranderings in die terugkoop-ooreenkomste ingesluit word, het die ooreenstemmende groei-koerse onderskeidelik 44 persent en 23 persent bedra.

Tabel 6. Veranderings in terugkoop-ooreenkomste wat deur monetêre bankinstellings aangegaan is en wat die geldhoeveelheid regstreeks beïnvloed¹
R miljoene

	Met nie-bank- private sektor:		
	Oornag-kon-trakte ²	Kontrakte van 2 dae tot 6 maande	Totaal ³
1980: 1e kw ^d	-140	-238	-378
2e kw	-86	48	-38
3e kw	79	63	142
4e kw	-469	-212	-681
1981: 1e kw	119	97	216
2e kw	66	-1	65
3e kw	356	-311	45
4e kw	191	-330	-139
1982: 1e kw	-11	228	217
2e kw	67	46	113
3e kw	-154	-19	-173
4e kw	33	15	48
1983: 1e kw	-28	-97	-125
2e kw	-168	282	114
3e kw	320	-73	247
4e kw	-352	-259	-611

- 1 Disintermediasie(-).
- 2 Beïnvloed M1.
- 3 Beïnvloed M2.
- 4 Veranderings in terugkoop-ooreenkomste is slegs ten opsigte van Februarie en Maart 1980.

Onkwantifiseerbare disintermediasie en herintermediasie

Benewens die drie vorms van disintermediasie en herintermediasie wat hierbo bespreek is, kan verskeie ander aktiwiteite van bankinstellings, met of sonder die samewerking van lede van die publiek, ook die gemete monetêre totale en bankkredietverlening verwing. Hierdie aktiwiteite is egter nie meetbaar nie en hulle invloed kan slegs in algemene terme beskryf word.

(a) Heen-en-terugbeweging van fondse

Die praktyk van heen-en-terugbeweging van fondse (roundtripping) ontstaan hoofsaaklik uit die optrede van geldmarkoperateurs wat goed met rentekoerse en banktoestande vertrou is, en behels die benutting van rentekoerseverskille. Die praktyk behels die opneem van fondse by een bank en die belegging van dieselfde fondse by 'n ander bank teen 'n hoër rentekoerse. Dit kan slegs winsgewend bedryf word wanneer die prima- en ander oortrekkingskoerse laer is as koerse op geldmarkpapier en in die besonder op dag-gelddeposito's. Deur hierdie praktyke word krediet-

verlening en die geldhoeveelheidsyfers kunsmatig opgeblaas. Hierdie optrede verteenwoordig derhalwe abnormaal aangemoedigde *intermediasie* en is nie die normale soort van disintermediasie of herintermediasie nie.

Hierdie praktyk het in onlangse jare op verskillende stadiums voorgekom, veral gedurende Julie 1981, die eerste kwartaal van 1982 en in 'n mindere mate teen die einde van die eerste kwartaal van 1983. In Julie 1981 het die prima-oortrekkingskoers 14 persent beloop in vergelyking met die koerse op groot dag-gelddeposito's en verhandelbare depositosertifikate van tot 17 persent. Gedurende die laaste deel van 1981 is hierdie proses omgekeer toe die oortrekkingskoerse gestyg het en uiteindelik die geldmarkkoerse oorskry het. Die aansienlike toename in krediet aan die private sektor gedurende die eerste kwartaal van 1982 het gedeeltelik in verband gestaan met 'n hernieude heen-en-terugbeweging van fondse, wat plaasgevind het weens die laer oortrekkingskoerse in vergelyking met sommige daggeld- en geldmarkrente koerse. Selfs nadat die regstreekse band tussen die Reserwebank se diskontokoerse en die bank se prima-oortrekkingskoerse op 18 Februarie 1982 afgeskaf is, het die oortrekkingskoerse op 'n laer vlak as sommige geldmarkkoerse gebly, weens die stram toestand wat in die geldmark geheers het. In die tweede kwartaal was die oortrekkingskoerse egter in die algemeen hoër as daggeld- en geldmarkkoerse, wat aanleiding gegee het tot 'n ommkeer in die proses van heen-en-terugbeweeg van fondse. Teen die einde van Maart 1983 is 'n vernouing van die marge tussen oortrekkingskoerse en die koerse op geldmarkpapier aangeteken. Tesame met die feit dat daar aan groot leners krediet teen laer koerse as die primakoerse verleen is, kon dit aanleiding gegee het tot die heen-en-terugbeweging van fondse.

(b) Bedrywighede van bankinstellings as agente en makelaars.

Gedurende die laaste aantal jare het bankinstellings al meer in makelaarsaktiwiteite betrokke geraak. Ten einde hierdie aktiwiteite op 'n gesonde grondslag te plaas en ook om te voorkom dat kliënte se fondse aan onnodige risiko's blootgestel word, het die Registrateur van Banke in April 1981 in omsendbrief RB 174 instruksies uitgereik aangaande die wyse waarop hierdie aktiwiteite deur bankinstellings bedryf behoort te word. Die vernaamste vereistes behels dat 'n bank slegs kragtens 'n geskrewe opdrag as agent kan optree, dat die betrokke partye skriftelik omtrent alle besonderhede aangaande die transaksie ingelig moet word, en dat die bankinstelling rekeningkundige en ander aantekeninge aangaande die agentskapsake op sodanige wyse moet hou dat daar te alle tye 'n duidelike onderskeid is tussen sake wat as 'n prinsipaal en sake wat op 'n agentskapsbasis bedryf word. Krag-

tens hierdie instruksies, kan bankinstellings krediet-transaksies tussen buitestaanders alleenlik op so 'n basis reël of behartig dat hulleself geen finansiële aanspreeklikheid aanvaar nie. In die praktyk, behels dit normaalweg dat 'n bankinstelling 'n skriftelike opdrag van een of meer kliënte (of potensiële kliënte) verkry dat hulle fondse aan ander kliënte (of potensiële kliënte) vir verskillende tydperke geleen mag word. Die leners moet skriftelik in kennis gestel word van die oorsprong van die fondse wat aan hulle geleen word.

Die oorspronklike konsep van 'n agentskapstransaksie is dat 'n uitlener en lener bymekaar gebring word sonder enige finansiële aanspreeklikheid vir die agent. Die verskil tussen sodanige transaksie en 'n normale deposito by 'n bank en die daaropvolgende verlening van krediet, kan egter nie altyd baie beduidend wees nie. Die bank wat as 'n agent optree sal poog om die hoogste opbrengskoerse vir sy prinsipaal te bekom, en kan hierdeur in die versoeking gestel word om die fondse in nie-prima en riskante bates te belê. Indien gesonde beleggingsmoontlikhede nie gevind kan word nie, kan fondse selfs as korttermyn lenings beskikbaar gestel word. Die houer van die fondse kan ook verkeerdelik onder die indruk gebring word dat hy sy fondse tot die beskikking van die bank stel en die veiligheid van die bank geniet, terwyl hy in werklikheid self 'n lening toestaan. Hierdie aktiwiteite neig om van die gewone agentskapsake weg te beweeg en om deel van die sogenaamde "grysmark"-aktiwiteite te word.

Kragtens die Registrateur se instruksies, is agentskapsake 'n goedgekeurde bankaktiwiteit, maar dit kan die monetêre totale en die bedrag aan krediet wat deur die banke bemiddel word, moontlik verwing en verlaag. In hierdie sin is dit 'n vorm van disintermediasie. Die omvang van hierdie soort transaksies kan tans nie gekwantifiseer word nie, maar daar kan aanvaar word dat hierdie aktiwiteite 'n deel van banksake sal bly en in die toekoms mag toeneem. Handelsbanke is, sover vasgestel kan word, nog nie aktief by die agentskapsake betrokke nie aangesien dit op hulle lenings-aktiwiteite inbreuk sal maak. Dit is egter bekend dat sommige aksep- en algemene banke hierdie soort van sake bedryf.

(c) Veranderings in intermaatskappy-finansiering

Disintermediasie en herintermediasie kan ook plaasvind as daar veranderings voorkom in die bedrag van regstreekse lenings tussen maatskappye sonder die tussenkoms van 'n bankinstelling. Tegnies sal sulke nie-geïntermedieerde krediettransaksies plaasvind wanneer die gaping tussen die banke se uitleen- en depositokoerse, die waarde van die dienste wat deur die bank as tussenganger aan die oorspronklike uitlener en lener gelewer word, asook die makelaarskoste, winste en die risiko wat betrekking het op 'n

regstreekse leentransaksie tussen die uitlener en lener, oorskry. Afgesien van koste- en rentekoersoorwegings, word meer ruimte vir inter-maatskappy leen- en uitleenaktiwiteite geskep deur die algemene beskikbaarheid van fondse en beperkings op bankbedrywighede, soos kredietplafonne, plafonne op deposito- of uitleenkoerse, ens. Veranderinge in die algemene beskikbaarheid van fondse buite die bankstelsel veroorsaak by tye dat sommige transaksies na die bankstelsel terugbeweeg. Dit verteenwoordig 'n vorm van herintermediasie, wat nie kwantifiseerbaar is nie, maar wat die monetêre totale en krediet wat deur die banke bemiddel is, verhoog. In ruimer likwiditeitstoestande kan die teenoorgestelde gebeur, wat tot disintermediasie en 'n daling in die monetêre totale en in bankkrediet kan lei.

Grootskaalse disintermediasie in die vorm van die opneem en uitleen van fondse buite die bankstelsel het in 1980 voorgekom. Oortrekkingskoerse was aansienlik hoër as koerse op geldmarkpapier, wat as aansporing tot hierdie soort disintermediasie gedien het. Dit is laat in 1980 en die eerste helfte van 1981 deur omvattende herintermediasie gevolg, toe die koerse op geldmarkpapier meer in ooreenstemming met oortrekkingskoerse beweeg het. Meer onlangs het herintermediasie blykbaar gedurende die derde kwartaal van 1982 en eerste kwartaal van 1983 voorgekom toe die finansiële toestand in die inter-maatskappymark vernou het. Teen die einde van die tweede kwartaal van 1983, was oortrekkingskoerse betreklik laag in vergelyking met koerse in die geldmark en dit het tot grootskaalse herintermediasie gelei. Die monetêre totale en bankkrediet is blykbaar deur die beweging van krediettransaksies na die balansstate van die bankinstellings opgestoot.

Slotsom

Die verskillende soorte van disintermediasie en herintermediasie wat hierbo bespreek is, het in 'n mindere of meerdere mate almal 'n uitwerking op die monetêre totale en hul omloopsnelheid, sowel as op die krediet wat deur die bankstelsel bemiddel word.

Hulle onderskeie invloede kan egter onafhanklik van mekaar in uiteenlopende rigtings en in wisselende mate verander aangesien elkeen van hulle deur verskillende en dikwels nie-verwante faktore beïnvloed word.

Die invloed van disintermediasie en herintermediasie sal afneem as finansiële markte verder met so min as moontlik markbeperkings ontwikkel word en rentekoerse ten volle deur markkragte bepaal word. In die mate waarin disintermediasie en herintermediasie nog plaasvind, verkry die Reserwebank reeds inligting oor die meetbare poste, soos hierbo gemeld. 'n Verdere leemte in die statistiek is dat gegewens tans slegs soos op maandeindes gemeet word. Ten einde die gegewens te verbeter, sal belangrike finansiële

inligting vir korter intervalle verkry moet word, byvoorbeeld op 'n weeklikse basis. Ten einde hierdie en voldoende en betroubare gegewens oor die verskillende prosesse van disintermediasie en herintermediasie te bekom, sal die Reserwebank op die goeie medewerking van alle betrokke finansiële instellings moet staatmaak.